25. EVANGELISASIE
25. EVANGELISATION

25.1 RAPPORT: DEPUTATE SENDING (Art 175)

25.1 REPORT: MISSIONARY DEPUTIES (Art 175)

A. Dr HM Zwemstra stel die Rapport.
Dr HM Zwemstra tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Deputate	**1. Deputies**
1.1 *Opdrag*: Verwys Acta 2018:1012, 3.3.	1.1 *Mandate*: See Acta 2018:1012, 3.3.
1.2 *Die Sinode neem kennis* Alhoewel die Sinode 5 Deputate en 2 adviseurs goedgekeur het, is 7 Deputate en een adviseur aangewys (Acta 2018:1111, 3.26).	1.2 *The Synod take note* Although the Synod approved 5 Deputies and 2 advisors, 7 Deputies and 1 advisor was appointed (Acta 2018:1111, 3.26).
Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.**
1.3 *Die Sinode besluit* Dat 7 deputate en een adviseur aangewys word.	1.3 *The Synod approves* To appoint 7 Deputies and 1 advisor.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
2. Koördinering	**2. Coordination**
2.1 *Opdrag*: Die Sendingdeputate koördineer alle sendingwerk binne die GKSA, sodat onnodige duplisering voorkom kan word. Skakeling met kerkverbande met wie die GKSA ekumeniese bande het, word deur die Sendingdeputate in samewerking met die Deputate vir Ekumeniese Sake gedoen. Sendingwerk wat onderneem word in samewerking met kerkverbande met wie die GKSA nie ekumeniese bande het nie, word gedoen op advies van die Sendingdeputate asook die Deputate vir Ekumeniese Sake (binnelands of buitelands), (Acta 2018:1012, 3.4).	2.1 *Mandate*: The Deputies coordinate all the missionary work in the GKSA, so that unnecessary duplication could be avoided. Consultation with churches with whom the GKSA have ecumenical ties, are done by the Missionary Deputies in collaboration with the Deputies for Ecumenical Matters (domestic as well as foreign). Missionary work which is undertaken in cooperation with churches with whom the GKSA do not have ecumenical ties, is done upon the advice of the Missionary Deputies as well as the Deputies for Ecumenical Matters (domestic as well as foreign), (Acta 2018:1012, 3.4).
2.2 *Die Sinode neem kennis*	2.2 *The Synod takes note*
2.2.1 Op versoek is samesprekings gevoer met GK Vryheid, kerke in Nqutu en die *Nederlands Gereformeerde Zendingsvereniging*. Die *Nederlands*	2.2.1 On request discussions were held with the GK Vryheid, churches in Nqutu and the *Nederlands Gereformeerde Zendingsvereniging* (Dutch Reformed

	Gereformeerde Zendingsvereniging het aan Suid-Afrika onttrek wat 'n negatiewe impak op die kerke in Nqutu se voortbestaan het. Hulp en advies op hul pad vorentoe en die opleiding van hul kerkleiers is gevra en gegee.		Mission society). The *Nederlands Gereformeerde Zendingsvereniging* withdrew from South Africa and this negatively impacted the churches at Nqutu. Help and advice on their way forward and the training of their church leaders was asked and given.
2.2.2	Gesprek oor moontlike samewerking is gevoer met *Crossroads Prison ministries.* Dit het meegebring dat skakels na ons onderskeie webplatforms uitgeruil is.	2.2.2	Discussions on possible coordination were held with *Crossroads Prison ministries.* It resulted in exchanging links on our various web platforms.
2.2.3	Die GK Tsumeb het ook raad gevra oor kerkplanting in Oshakati. Ons kan dankbaar sê dat dit gebeur het en sover ons kennis strek, die bediening daar aangaan en uitbrei.	2.2.3	The GK Tsumeb asked guidance on churchplanting at Oshakati. Thankfully we can declare that it happened and the ministry there is well and expanding.
2.2.4	*Dumisani Theological Institute* se dr Wilbert Chipenyu het hulp kom vra nadat die buitelandse finansiële hulp aansienlik verminder is. Ons het hulle verwys na die Admin Buro vir moontlike maniere vir befondsings. As resultaat van die ontmoeting is daar mense wat gratis lesings aanbied asook individuele skenkers wat help.	2.2.4	*Dumisani Theological Institute's* dr Wilbert Chipenyu asked for help after financial aid from abroad was drastically cut. We refered them to the Admin Bureau for possible ways of funding. As result of this meeting there are people lecturing there for free and there are some individual donators helping them.
2.2.5	Ons het nou saamgewerk met die inisiatief van *Expando* om 'n geïntegreerde aanlandblad vir die GKSA tot stand te bring. Die sendingkantoor het ook administratiewe hulp verleen.	2.2.5	We closely cooperated with the initiative of *Expando* to bring about an integrated web portal for GKSA. The missions office also helped in the administration thereof.
2.2.6	'n Databasis wat aantoon waar kerke met sendingwerk besig is, is op gksamissio.co.za, die sendingwebblad, beskikbaar. Gesien in die lig van die belang van hierdie mandaat, het ons 'n groot poging ingesit daarin die afgelope paar jaar. Daar is egter nog nie baie kerke wat hul sendingwerk hierop gerapporteer het nie. Hierdie is 'n voortgaande taak.	2.2.6	A database which shows where churches are doing missionary work is available on gksamissio.co.za, the missions website. Seen in the light of the importance of this mandate, we put great effort in this the past few years. However, not many churches reported their missions activities yet. This is a work in progress.
2.2.7	In die uitvoering van spesifiek hierdie opdrag, het ons bewus geword van die oorweldigende behoefte aan fondse om die Koninkryk van God te verbrei. Daar is 'n klomp sendelinge en sendingwerkers wat onder moeilike omstandighede hul werk doen en	2.2.7	In executing this mandate in particular, we became aware of the overwhelming need of funds to promote the Kingdom of God. There is a lot of missionaries and missionary workers who are working under pressing circumstances and is in dire need of basic livelihood.

dringende behoefte het aan basiese lewensonderhoud.	
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.7 noted.**
2.3 *Die Sinode besluit*	2.3 *The Synod approves*
2.3.1 Dat die opdrag (2.1) gekontinueer word.	2.3.1 That this mandate (2.1) be continued.
2.3.2 Dat kerke opgeroep word om hul sendingwerksaamhede op die databasis te plaas.	2.3.2 That the churches be called upon to report their missionary activities on this databases.
2.3.3 Om 'n sendingfonds te begin op welke wyse ookal wat deur die Sendingdeputate in oorleg met die Administratiewe Buro bestuur word.	2.3.3 To start a fund for missionwork through whatever means possible administrated by the Deputies for Missions in conjunction with the Administrative Bureau.
Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 2.3.1 to 2.3.3 approved.**
3. Sendingkantoor	**3. Mission office**
3.1 *Opdrag*: Die Sendingdeputate vestig en hou 'n sendingkantoor in stand. Hierdie kantoor verskaf aan al die kerke in die GKSA inligting oor sendingwerk, met die doel om te ondersteun en toe te rus. Die sendingkantoor help die Sendingdeputate in die uitvoer van hul mandaat. Die Algemene Sinode stel fondse vir die funksionering van hierdie sendingkantoor beskikbaar. In verband hiermee moet alternatiewe moontlikhede saam met Expando gesoek word (vgl. Acta 2018:1013, 3.5).	3.1 *Mandate*: The Missionary Deputies establish and maintain a mission office. This mission office provides all the GKSA churches with information on missionary work with the purpose of mutual support and preparation. The mission office assists the Deputies in the execution of their mandate and the General Synod makes funds available for the functioning of this office. Regarding this: alternative possibilities should be investigated in conjunction with Expando. (see Acta 2018, p. 1013, 3.5).
3.2 *Die Sinode neem kennis* Per ooreenkoms met die GK Wonderboompoort, is sr Retha Bos in hul kerkkantoor in diens van die Deputate vir twee dae in die week. Die reëling werk baie goed en sr Bos kwyt haar uitstekend van haar taak. Die kantoor is steeds 'n noodsaaklike adres of aanmeldplek vir sendingwerk in die GKSA. Dit is veral duidelik as administratiewe nodus by die reël van konferensies.	3.2 *The Synod takes note* In accordance with the arrangement with GK Wonderboompoort sr Retha Bos in their church office is employed by the deputies for two days in the week. The arrangement works very well and sr Bos excels at her task. The office is still a necessary address or check-in for missions in the GKSA. This is even more clear as an administrative hub when conferences are organized.
Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 and 3.2 noted.**
3.3 *Die Sinode besluit*	3.3 *The Synod approves*
3.3.1 Dat die opdrag (3.1) gekontinueer word.	3.3.1 That this mandate (3.1) be continued.
3.3.2 Dat die GK Wonderboompoort bedank word vir hulle ondersteuning asook sr	3.3.2 That we thank the GK Wonderboompoort for their support

Retha Bos wat dikwels meer te doen as waarop ooreengekom is.	and sr Retha Bos for doing even more than what is agreed upon.
Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 3.3.1 and 3.3.2 approved.**
4. Toerustingsmateriaal	**4. Training material**
4.1 *Opdrag*: Die Sendingdeputate, saam met Expando (Acta 2018:1030, 3.6), stel toerustingsmateriaal aan plaaslike kerke beskikbaar sodat die plaaslike kerke hul verantwoordelikheid kan nakom. Die sendingkantoor bring ‘n databasis op die been wat uit Bybelse, Gereformeerde materiaal saamgestel word.	4.1 *Mandate* The Deputies for Mission, with Expando (Acta 2018:1030, 3.6), provide preparatory material through the mission office so that local churches can execute their responsibilities. The mission office has to establish a database composed of sound Biblical and Reformed material.
4.2 *Die Sinode neem kennis*	4.2 *The Synod takes note*
4.2.1 Al die skakels na die toerusting wat op die konferensies plaasgevind het, is op die webtuiste beskikbaar. Die webblad kry gemiddeld* 247 besoekers per maand. **Slegs data van Jan 2022 tot Jun 2022 was beskikbaar tydens die opstel van die Rapport.*	4.2.1 All the links to the equipment from the conferences are available on the web site. On average* there are 247 visitors monthly to the page. **Only data from Jan 2022 to Jun 2022 were available during the compilation of the Report.*
4.2.2 Die geïntegreerde web aanlandblad (vgl. 2.2.5) vir die GKSA sal nog meer toerustingsgereedskap vir kerke, groepe en individuele gelowiges beskikbaar stel.	4.2.2 The integrated go to web page for the GKSA (see 2.2.5) will even open up more tools to equip churches, groups and individual believers.
4.2.3 Ons dank br Rob van der Kooy vir die inisiatief om twee publikasies die lig te laat sien met die Sendingdeputate as uitgewer. Die boek “Evangelisasie en Herlewing Lesse vir Suid-Afrika – Geskrifte van prof Koos van Rooy” is gepubliseer en beskikbaar by die Sendingkantoor en die Admin Buro @ R100 per boek. Nog ‘n publikasie "Reformed Missions in South Africa – the way forward", is beskikbaar. Br Rob van der Kooy is die redakteur.	4.2.3 We thank br Rob van der Kooy for the initiative to publish two books with the Deputies for Missions as publisher. The book “Evangelisasie en Herlewing Lesse vir Suid-Afrika - Geskrifte van prof Koos van Rooy" is published and available at the Missions Office as well as the Admin Bureau @ R100 per book. Another publication "Reformed Missions in South Africa – the way forward" is available. Br Rob van der Kooy is the editor.
Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 4.1 to 4.2.3 noted.**
4.3 *Die Sinode besluit*	4.3 *The Synod approves*
4.3.1 Dat die opdrag (4.1) gekontinueer word.	4.3.1 That this mandate (4.1) be continued.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
5. Toerusting	**5. Equipping**
5.1 *Opdrag*: Die Deputate, saam met Expando (Acta 2018:1030, 3.6),	5.1 *Mandate*: The Deputies, with Expando (Acta 2018:1030, 3.6), advise churches

adviseer kerke en meerdere vergaderings insake die opleiding van sendelinge en sendingwerkers.	and major assemblies regarding the training of missionaries and missionary workers.
5.2 *Die Sinode neem kennis*	5.2 *The Synod takes note*
5.2.1 Vergelyk 2.2.1 hierbo en 6 hieronder.	5.2.1 See 2.2.1 above and 6 which follows.
Besluit: Punte 5.1 tot 5.2.1 kennis geneem.	**Decision: Points 5.1 to 5.2.1 noted.**
5.3 *Die Sinode besluit*	5.3 *The Synod approves*
5.3.1 Dat die opdrag (5.1) gekontinueer word.	5.3.1 That this mandate (5.1) be continued.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
6. Sendingkonferensies	**6. Missionary conferences**
6.1 *Opdrag*: Die Deputate, saam met Expando (Acta 2018:1030, 3.6), organiseer gereelde kursusse en sendingkonferensies om plaaslike kerke, lidmate en leiers in die GKSA te ondersteun en te motiveer om die sendingopdrag wat die Here Jesus Christus aan ons gegee het, effektief uit te leef.	6.1 *Mandate*: The Deputies, with Expando (Acta 2018:1030, 3.6), organize regular courses and missionary conferences to assist and motivate local churches, members and leaders in the GKSA in order to execute the great commission given to us by the Lord Jesus Christ effectively.
6.2 *Die Sinode neem kennis*	6.2 *The Synod takes note*
6.2.1 Op 18 Januarie 2020 is ‘n interaktiewe werkswinkel aangebied met die titel: *Renewal of New Testament Discipleship* Spreker: Dr Ed Gross Formaat: Digitale uitsending vanaf Potchefstroom na gemeentes regoor Suid-Afrika en Namibië.	6.2.1 On 18 Januarie 2020 an interactive workshop was presented with the title: *Renewal of New Testament Discipleship* Speaker: Dr Ed Gross Format: Digitale broadcasting from Potchefstroom to congregations throughout South Africa and Namibia.
6.2.2 Saam met Expando/Deputate vir Kerkgroei is daar op 21 Februarie 2021 ‘n webinaar aangebied met die titel: *Christ our hope* Sprekers: Dr Flip Buys, prof Gert Breed en dr Griffel van Wyk Formaat: Zoom uitsending met wegbreekgroepies vir bespreking.	6.2.2 On 21 Februarie 2021, with Expando/Deputies for Church Growth we presented a webinar with the title: *Christ our hope* Speakers: Dr Flip Buys, prof Gert Breed and dr Griffel van Wyk. Format: Zoom broadcast with break away discussion groups.
6.2.3 Saam met Expando/Deputate vir Kerkgroei is daar in 2021 ‘n webinaar reeks aangebied met die tema: *Growing through loss* Maandag 16 August @ 19:00 – *Experiencing loss*, Maandag 23 August @ 19:00 – *Safe places in loss*, Maandag 30 August @ 19:00 – *Opportunities for the Cross in times of loss*	6.2.3 With Expando/Deputies for Church Growth a webinar chain was presented in 2021 with the theme: *Growing through loss* Monday 16 August @ 19:00 – *Experiencing loss*, Monday 23 August @ 19:00 – *Safe places in loss*, Monday 30 August @ 19:00 – *Opportunities for the Cross in times of loss*

Sprekers: Dr Nelia Drenth, proff Gert Breed, Naas Ferreira en Derek Mashau.	Speakers: Dr Nelia Drenth, proff Gert Breed, Naas Ferreira and Derek Mashau.
6.2.4 Die konferensies, in hierdie formaat aangebied, het die groot voordeel dat meer mense op verskillende plekke kan deelneem. Dit spaar geweldig baie aan reis- en verblyfkoste.	6.2.4 The conferences, presented in this format, has the huge benefit that more people at various locations can take part. The cost of travel and accomodation is also much less.
Besluit: Punte 6.1 tot 6.2.4 kennis geneem.	**Decision: Points 6.1 to 6.2.4 noted.**
6.3 *Die Sinode besluit* Dat hierdie opdrag (6.1) gekontinueer word.	6.3 *The Synod approves* That this mandate (6.1) be continued.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
7. Doel van die Sendingorde	**7. Goal of the Missionary Order**
7.1 *Opdrag*: Om die doel van die Sendingorde duidelik te beskryf en as 'n inleidende artikel by die dokument te voeg (Acta 2018:1013, 3.7.1).	7.1 *Mandate*: To describe the goal of the Mission order clearly and to add it in as an introductory article to the document (Acta 2018:1013, 3.7.1).
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
7.2 *Die Sinode besluit* Dat die volgende as inleiding by die Sendingorde gevoeg word: Christus is die groot Sender van sy kerk om die goeie nuus van die evangelie aan al die nasies oor die hele wêreld te verkondig. Sending is dus deel van die wese van sy kerk en daarom wil kerke en lidmate van die GKSA aan die opdrag van hul Sender gehoorsaam wees. Die Sendingorde is daargestel vir die aktivering van die lidmate en gemeentes van die GKSA in hul uitvoering van die Groot Opdrag (Matt 28), asook die strukturering en koördinering van die sendingwerk en alle meegaande aktiwiteite in die kerkverband. Die Sendingorde gee leiding aan die kerke rakende terme en prosedures betreffende die uitvoering van die sendingtaak, sodat eenvormigheid en eensgesindheid bevorder kan word.	7.2 *The Synod approves* That the following will be added as introduction to the Missionary Order: Christ is the great Sender of his church to preach the good news of the gospel to all nations throughout the world. Mission is therefore part of the essence of his church and therefore churches and members of the GKSA want to obey the command of their Sender. The Mission Order is set up to activate the members and congregations of the GKSA in their execution of the Great Commission (Mat 28), as well as the structuring and coordination of missionary work and all accompanying activities in the denomination. The Mission Order gives guidance to the churches regarding terms and procedures re. the execution of the mission task, so that uniformity and harmony can be promoted.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
8. Sendingwerkers	**8. Missionary workers**
8.1 *Opdrag*: Om die begrip "sendingwerkers" in pt 7 (van die Sendingorde) duidelik te definieer binne	8.1 *Mandate*: To clearly define the concept "missionary workers" in pt 7 (of the Missionary Order) within the context of

die konteks van die Kerkorde en die verskillende dienste wat bestaan (Acta 2018:1013, 3.7.2).	the Church Order and the different offices that exist (Acta 2018:1013, 3.7.2).
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
8.2 *Die Sinode besluit* Dat die volgende definisie van "Sendingwerkers" in die Sendingorde opgeneem word by pt 7: Sendingwerkers is betrokke by georganiseerde sendingwerk (voltyds of deeltyds) en kan 'n vergoeding vir hul werk ontvang. Hulle word nie as predikante van die Woord volgens artikels 3-12 van die Kerkorde bevestig nie en word gevolglik nie as sendelinge gestuur nie. Hulle kan as ouderlinge of diakens volgens artikels 22-27 van die Kerkorde bevestig word. Sulke sendingwerkers val onder die toesig van 'n plaaslike kerk en hul vergoeding kan in samewerking met ander kerke gereël word.	8.2 *The Synod approves* That the following definition of "missionary workers" be added to the Missionary Order at pt 7: Missionary workers are involved in organized mission work (full-time or part-time) and may receive compensation for their work. They are not ordained as ministers of the Word according to articles 3-12 of the Church Order and subsequently not sent as missionaries. They can be ordained as elders or deacons according to articles 22-27 of the Church Order. Such missionary workers fall under the supervision of a local church and their compensation can be organized in cooperation with other churches.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
9. Vorige Sinodes se besluite in sake sendingwerk	**9. Previous Synods's decisions regarding missionary work**
9.1 *Opdrag*: Om tersaaklike besluite van vorige Sinodes insake sendingwerk as 'n Bylae by die Sendingorde te voeg (Acta 2018:1013, 3.7.3).	9.1 *Mandate*: To add relevant decisions of previous Synods as an addendum to the Missionary Order (Acta 2018:1013, 3.7.3).
9.2 *Die Sinode neem kennis* Die dokument met al die vorige Sinodes se besluite oor Sending,wat deur br Rob van der Kooy saamgestel is, is reeds op die Sendingwebwerf beskikbaar.	9.2 *The Synod takes note* The document of all the previous Synods's decisions on Missionary matters, compiled by br Rob van der Kooy, is already available on the Missions website.
Besluit: Punte 9.1 en 9.2 kennis geneem.	**Decision: Points 9.1 and 9.2 noted.**
9.3 *Die Sinode besluit* 9.3.1 Dat die dokument as Bylae by die Sendingorde opgeneem word. 9.3.2 Dat die Sendingdeputate dit gereeld opdateer.	9.3 *The Synod approves* 9.3.1 That this document be added as an Annexure to the Missions Order. 9.3.2 That the Deputies for Missions update this regularly.
Besluit: Punte 9.3.1 en 9.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 9.3.1 and 9.3.2 approved.**
Ander aanbevelings oor die Sendingorde	Other recommendations regarding the Missionary Order.

10. Nommering	**10. Numbering**
10.1 *Die Sinode neem kennis* Die nommering van die Sendingorde weerspieël die nommering van die oorspronklike Rapport by die Sinode. Dit is ‘n dokument in eie reg en die nommering moet dit reflekteer.	10.1 *The Synod takes note* The numbering of the Missionary Order reflects the numbering of the initial raport at the Synod. It is a document in its own right and the numbering should reflect that.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
10.2 *Die Sinode besluit* Dat die nommering vereenvoudig word soos dit in die Sendingorde hieronder verskyn.	10.2 *The Synod approves* That the numbering be simplified as reflected in the numbering in the following Missionary Order.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
11. Die gebruik van die woord: “advies” in die Sendingorde	**11. The use of the word: “advice” in the Missionary Order**
11.1 *Die Sinode neem kennis*	11.1 *The Synod takes note*
11.1.1 In Kerkreg is die woord ”advies” ‘n tegniese term en bindend. Dit beteken nie om losweg rigting van ‘n aard te vra nie.	11.1.1 In Church polity the word “advice” is a technical term and binding. It does not mean to casually ask directions of some sort.
11.1.2 Die manier waarop die woord “advies” met betrekking tot die Sendingdeputate (nie die Klassis nie) in pt 4, 5 en 7 van die Sendingorde gebruik word, gee die Deputate ‘n staanplek benewens of selfs in die plek van normale kerklike strukture. Dit is nie die doel óf die bedoeling van die Sendingorde nie.	11.1.2 The way in which the word “advice” is used regarding the Missionary Deputies (not the Classis) in pt 4, 5 and 7 of the Missionary Order, gives the Deputies for Missions a platform alongside or even in place of the normal church structures. It is not the aim of nor in line with the intention of the Missionary Order.
Besluit: Punte 11.1.1 en 11.1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 11.1.1 and 11.1.2 noted.**
11.2 *Die Sinode besluit*	11.2 *The Synod approves*
11.2.1 Dat die bewoording in pt 4 m.b.t. advies van die Deputate, soos volg verander word: “Indien nodig, kan die Sendingdeputate gekonsulteer word ten einde te help met koördinering van die Sendingwerk in ‘n area”.	11.2.1 To change the wording in pt 4 regarding advice from the deputies as follows: “ If necessary, the Missionary Deputies can be consulted regarding the coordination of Missions in an area”.
11.2.2 Dat die bewoording in pt 5 soos volg verander word: “Indien sendingwerk in samewerking met ander kerke en kerkverbande onderneem word, word dit gedoen in oorleg met die Sendingdeputate asook die Deputate vir Ekumeniese Sake (binnelands of buitelands).” En ook: “As ‘n gemeente, kerkverband of sendingorganisasie wat saam met	11.2.2 To change the wording in pt 5 as follows: “If, however, missionary work is undertaken in cooperation with churches with whom the GKSA do not have ecumenical ties, it should be done in conjunction with the Missionary Deputies as well as the Deputies for Ecumenical Matters (domestic as well as foreign).” And also: “If a congregation, denomination or a missionary

die GKSA-gemeentes wil werk, hulp met sendingwerk in ‘n spesifieke area benodig, kontak hulle die Sendingdeputate.”	organization who wants to work with GKSA churches requires help with missionary work in a specific area, they have to contact the Missionary Deputies.”
11.2.3 Dat die bewoording in pt 7 soos volg verander word: “Sturende kerke moet toesien dat sendelinge en sendingwerkers die nodige opleiding ondergaan. Inligting oor die prosesse kan by die Sendingdeputate en die Teologiese Skool gekry word.”	11.2.3 To change the wording of pt 7 as follows: “Sending churches have to ensure that missionaries and missionary workers receive the necessary training. Information on these processes can be obtained from the Deputies for Missions and the Theological Seminary.”
Besluit: Punte 11.2.1 tot 11.2.3 goedgekeur.	**Decision: Points 11.2.1 to 11.2.3 approved.**

SENDINGORDE VAN DIE GKSA	**MISSIONARY ORDER OF THE GKSA**
Inleiding Christus is die groot Sender van sy kerk om die goeie nuus van die evangelie aan al die nasies oor die hele wêreld te verkondig. Sending is dus deel van die wese van sy kerk en daarom wil kerke en lidmate van die GKSA aan die opdrag van hul Sender gehoorsaam wees. Die Sendingorde is daargestel vir die aktivering van die lidmate en gemeentes van die GKSA in hul uitvoering van die Groot Opdrag (Matt 28), asook die strukturering en koördinering van die sendingwerk en alle meegaande aktiwiteite in die kerkverband. Die Sendingorde gee leiding aan die kerke rakende terme en prosedures betreffende die uitvoering die sendingtaak, sodat eenvormigheid en eensgesindheid bevorder kan word.	**Introduction** Christ is the great Sender of his church to preach the good news of the gospel to all nations throughout the world. Mission is therefore part of the essence of his church and therefore churches and members of the GKSA want to obey the command of their Sender. The Mission Order is set up to activate the members and congregations of the GKSA in their execution of the Great Commission (Mat 28), as well as the structuring and coordination of missionary work and all accompanying activities in the denomination. The Mission Order gives guidance to the churches regarding terms and procedures re. the execution of the mission task, so that uniformity and harmony can be promoted.
1. Skriftuurlike begronding Sending begin met die Drie-enige God in sy ewige raadsplan (Ef 1). Na die sondeval het God die sondaarmens opgesoek (Gen 3:7) en Hy het ‘n volk gevorm om deel van sy sending te wees (Gen 12:1-3). Hierdie Ou Testamentiese sendingfokus word in die Nuwe Testament bevestig. Die Here Jesus het self aan sy kerk die sendingopdrag gegee (Matt 28:18-20). Naas die liefdesgebod is die opdrag tot sendingwerk dus deel van die wese van die kerk. Die kerk wat nie sendingwerk doen	**1. Scriptural basis** Mission started with the Triune God in his eternal decree (Eph 1). After the Fall God engaged with the lost (Gen 3:9) and He formed a people to be part of his mission (Gen 12:1-3). This Old Testament missionary focus is confirmed in the New Testament. The Lord Jesus Himself gave his church the Great Commission (Matt 28:18-20). In addition to the love commandment, the Commission towards missionary work is therefore part of the essence of the church. A church not doing

nie is ongehoorsaam aan die Here. Sendingwerk word nie gedoen met die primêre doel om die getalle van die kerk te vermeerder nie, maar om gehoorsaam te wees aan die opdrag van ons Here, om die Evangelie na al die nasies te neem. Sending is afgelei van die woord apostello wat “stuur” beteken (Joh 20:21). Sending omvat die kerk se totale gerigtheid na buite, met ander woorde nie net die uitdra van die Evangelie met woorde nie, maar ook dade van liefde en barmhartigheid waarmee die verkondiging van God se liefde en barmhartigheid met konkrete dade bevestig word (vgl Matt 5:13-16; 44-47). Ons beklemtoon die noodsaak vir alle Christene om in tye van armoede, siekte, epidemies en alle vorme van onreg teenoor mense, hulle te beklee met die liefde van Christus. Evangelisering (euangelizo) beteken om die Goeie Boodskap aangaande Jesus Christus, o.a. sy lyding, dood en opstanding, te verkondig (vgl Hand 4:2; 8:35; 17:3). Kortliks saamgevat kan ons dit so stel: “Sending” is die totale gerigtheid van die kerk na buite, deur Woord- en daadverkondiging. “Evangelisering” is die sentrale element van hierdie gerigtheid na buite, naamlik die verkondiging van die Evangelie. Omdat evangelisering die kern van sending is en by sending inbegrepe is, word die woord sending in hierdie Sendingorde gebruik.	missionary work is disobedient to the Lord. Missionary work is not primarily done to raise the numbers of the church. It should be done in obedience to the Lord to proclaim his Gospel to all nations. Mission has been derived from the word apostello which means to “send” (John 20:21). Mission encompasses the church’s total directedness to those outside; in other words, not only the carrying of the Gospel by means of words, but also by deeds of love and mercy (see Matt 5:13-16; 44-47). Therefore we affirm the great need for Christians to be clothed with compassion in the name of Christ, in the midst of poverty, disease, injustice and all forms of human misery. Evangelism (euangelizo) means to proclaim the Good Message of Jesus Christ – his suffering, death and resurrection are the contents of this message (see Acts 4:2; 8:35; 17:3). In short we may state: “Mission” is the total directedness of the church to the world outside, through proclamation by Word and action. Because “evangelism” is the core of, and included in mission, the word “mission” will be used henceforth in this Missionary Order.
2. Doel van sending Die doel van sendingwerk is om deel van God se ewige raadsplan van vrede te wees. Sending is in die eerste plek God se aktiwiteit. Hy bring die Evangelie aan mense wat verlore is, sodat God deur hulle verheerlik kan word. Verder is die doel om nuwe kerke te plant. As dit vir ‘n “sturende kerk/ gemeente” duidelik word dat daar genoeg lede is, asook lede met die gawes om ouderlinge en diakens te wees, moet hulle aangemoedig word om ‘n kerk/gemeente te vorm. Terwyl die gemeente tot stand kom, is die nuwe gelowiges deel van die sturende kerk/gemeente. Die bediening van	**2. Goal of missions** The goal of missionary work is to be part of God’s eternal counsel of peace. Mission is fundamentally the activity of God. He brings the Gospel to people that are still lost, so that God can be glorified through them. Furthermore, the goal is to plant new churches. If it becomes clear to a “sending church” that there are enough members, as well as members gifted to be elders and deacons, they have to be encouraged to institute a church/ congregation. While being established, the new believers have to be part of the sending church/congregation. The ministry of the

sakramente geskied onder toesig van die sturende kerk/gemeente.	sacraments are under the supervision of the sending church/ congregation.
3. Sendelinge Sendelinge is bedienaars van die Woord wat volgens die bepalings van die Kerkorde deur die plaaslike kerk (of 'n kombinasie van plaaslike kerke) uitgestuur word en met die bepaalde Formulier vir die Bevestiging van Sendelinge bevestig word. Die roeping/beroeping en uitstuur geskied met of sonder die samewerking van ander kerke, en op advies van die Klassis. Sendingwerkers is persone wat behulpsaam is met sendingwerk, maar nie bevestigde bedienaars van die Woord is nie. Sulke sendingwerkers staan onder die toesig van 'n plaaslike kerk (of 'n kombinasie van plaaslike kerke).	**3. Missionaries** Missionaries are ministers of the Word who, according to the provisions of the Church Order, are sent from local churches (or a combination of local churches) and who are ordained with the specific Formulary for the Ordination of Missionaries. The calling and sending happen with or without the cooperation of other churches, and upon the advice of the Classis. Missionary workers are non-ordained persons involved in mission. Such missionary workers fall under the supervision of a local church (or a combination of local churches).
4. Sendingopdrag Dit is God wat stuur en die sturende kerk definieer die inhoud van die opdrag aan die sendeling. Indien nodig, kan die Sendingdeputate gekonsulteer word ten einde te help met koördinering van die Sendingwerk in 'n area. Die duidelik omskrewe sendingopdrag word in die beroepsbrief uiteengesit. Indien dit nodig raak om die sendingopdrag te verander, word dit op advies van die Klassis gedoen, volgens KO, artt 7, 10 en 11. Sendingwerkers moet ook uitgestuur word met 'n duidelik omskrewe sendingopdrag, tesame met advies van die Klassis indien nodig.	**4. Missionary assignment** It is God that sends and the sending church defines the content of the assignment of the missionary. If necessary, the Missionary Deputies can be consulted regarding the coordination of Missions in an area. The assignment should be thoroughly formulated in the calling letter. If it becomes necessary to change the assignment, it is done upon the advice of the Classis according to CO, arts 7, 10 and 11. Missionary workers are also sent out with a well-formulated assignment, together with the advice of the Classis if necessary.
5. Samewerking met ander kerkverbande Sendingwerk word onderneem met inagneming van kerkverbande met wie die GKSA ekumeniese bande het. Indien sendingwerk in samewerking met ander kerke en kerkverbande onderneem word, word dit gedoen in oorleg met die Sendingdeputate asook die Deputate vir Ekumeniese Sake (binnelands of buitelands). Die nodige dokumentasie wat die verpligtinge van die verskillende partye bevat, moet gereed wees, geteken wees en in bewaring gehou word. As 'n	**5. Cooperation with other denominations** Missionary work may be initiated with the cooperation of denominations with whom the GKSA have ecumenical ties. If, however, missionary work is undertaken in cooperation with churches with whom the GKSA do not have ecumenical ties, it should be done in conjunction with the Missionary Deputies as well as the Deputies for Ecumenical Matters (domestic as well as foreign). The necessary documents, outlining the commitments of the relevant parties,

gemeente, kerkverband of sendingorganisasie wat saam met die GKSA-gemeentes wil werk, hulp met sendingwerk in ‘n spesifieke area benodig, kontak hulle die Sendingdeputate.	should be drawn up, signed and filed. If a congregation, denomination or a missionary organization who wants to work with GKSA churches requires help with missionary work in a specific area, they have to contact the Missionary Deputies.
6. Nuwe kerke en kerkverbande Nuwe kerke word volgens die bepalings van die Kerkorde gestig. Indien nuwe kerke wat tot stand gekom het nog nie in ‘n eie kerkverband georganiseer is nie, vorm daardie kerke deel van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, totdat die nuwe kerkverband gevestig is.	**6. New churches and denominations** New churches are established according to the provisions of the Church Order. New churches that have been planted but have not yet established their own denominations, form part of the GKSA until a new denomination has been established.
7. Opleiding en toerusting van sendelinge en sendingwerkers Sturende kerke moet toesien dat sendelinge en sendingwerkers die nodige opleiding ondergaan. Inligting oor die prosesse kan by die Sendingdeputate en die Teologiese Skool gekry word. Sendingwerkers is betrokke by georganiseerde sendingwerk (voltyds of deeltyds) en kan ‘n vergoeding vir hul werk ontvang. Hulle word nie as predikante van die Woord volgens artikels 3-12 van die Kerkorde bevestig nie en word gevolglik nie as sendelinge gestuur nie. Hulle kan as ouderlinge of diakens volgens artikels 22-27 van die Kerkorde bevestig word. Sulke sendingwerkers val onder die toesig van ‘n plaaslike kerk en hul vergoeding kan in samewerking met ander kerke gereël word.	**7. Training and equipping of missionaries and missionary workers** Sending churches have to ensure that missionaries and missionary workers receive the necessary training. Information on these processes can be obtained from the Deputies for Missions and the Theological Seminary. Missionary workers are involved in organized mission work (full-time or part-time) and may receive compensation for their work. They are not ordained as ministers of the Word according to articles 3-12 of the Church Order and subsequently not sent as missionaries. They can be ordained as elders or deacons according to articles 22-27 of the Church Order. Such missionary workers fall under the supervision of a local church and their compensation can be organized in cooperation with other churches.
8. Koste van sending Die versorging van sendelinge en sendingwerkers, en ander kostes vir sending, bly die verantwoordelikheid van die sturende kerk(e). Kerke kan vir sustentasie aansoek doen vir die versorging van sendelinge.	**8. Costs of missionary work** The financial care of missionary workers and missionaries, and other costs involved in missionary work, remain the responsibility of the sending church(es). Churches could apply for sustentation for the care of missionaries.
9. Eiendomme Eiendomme wat in die sendingveld bekom is behoort aan die sturende kerke, maar	**9. Properties** Properties acquired in the mission field belong to the sending churches, but

behoort binne ‘n redelike tyd aan die nuutgestigte kerk oorgedra te word.	should, after a reasonable period, be transferred to the newly instituted church.
Bylae Besluite van die Sinodes van die GKSA oor Sendingwerk (Kronologiese volgorde).	**Annexure** Decisions of the Synods of the GKSA regarding Missions. (Chronological order).

Besluite oor sending deur Sinodes van die GKSA, 1862-2018

Inleiding ..... bl 3

Sinode 1873 ..... bl 3

Sinode 1879 ..... bl 3

Sinode 1894 ..... bl 3

Sinode 1897 ..... bl 3

Sinode 1904 ..... bl 3

Sinode 1907 ..... bl 4

Sinode 1910 ..... bl 4

Sinode 1913 ..... bl 4

Sinode 1916 ..... bl 4

Sinode 1920 ..... bl 4

Sinode 1930 ..... bl 4

Sinode 1936 ..... bl 4

Sinode 1939 ..... bl 5

Sinode 1942 ..... bl 5

Sinode 1945 ..... bl 5

Sinode 1949 ..... bl 6

Sinode 1955 ..... bl 6

Sinode 1958 ..... bl 6

Sinode 1961 ..... bl 7

Sinode 1967 ..... bl 8

Sinode 1970 ..... bl 9

Sinode 1973 ..... bl 9

Sinode 1976 ..... bl 10

Sinode 1979 ..... bl 11

Sinode 1982 ..... bl 11

Sinode 1985 ..... bl 12

Sinode 1988 ..... bl 13

Sinode 1991 ..... bl 14

Sinode 1994 ..... bl 15

Sinode 1997 ..... bl 15

Sinode 2000 ..... bl 16

Sinode 2003 ..... bl 16

Sinode 2006 ..... bl 16

Sinode 2009 ..... bl 16

Sinode 2012 ..... bl 16

Sinode 2015 ..... bl 17

Sinode 2018 ..... bl 17

Inleiding

Die Algemene Sinode 2018 het aan die sendingdeputate opdrag gegee om as ‘n bylae tot die sendingorde alle besluite van vorige sinodes insake sendingwerk by te voeg (vgl bl 1007 ev). Die besluite volg hieronder in kronologiese orde.”.

Hierdie oorsig van besluite is soveel as moontlik beperk tot besluite van ‘n prinsiële of beleidvormende aard, dus nie oor allerlei praktiese aangeleenthede alleen van belang van die betrokke sinode in die spesifieke tyd en plek nie. Die besluite tussen 1982 en 2006 wat hier gemeld word, was van nasionale sinodes. Al die ander sinodes was algemene sinodes. Tussen 1982-2006 was daar wel algemene sinodes waarvan ook die sinodes van Middelande, Soutpansberg en Suidland deel was. Maar vir sover bekend is aldaar geen besluite oor sendingsake geneem nie.

Waar relevant, is bykomstige inligting bygevoeg waaroor nie besluit is nie, maar waarvan slegs kennis geneem is, soos aangedui.

Nie alle sinodes het besluite oor sendingaangeleenthede geneem nie. Sodanige sinodes word nie hieronder vermeld nie. Dit wil egter nie sê dat daar nie oor sendingsake gehandel is nie. Op prakties alle sinodes was daar sendingverslae, maar sonder relevante besluite.

Sinode 1873

Bl 35: Daar is baie belangstelling en ywer vir die verbreiding van Gods koninkryk deur die Evangelie. Maar die vraag bly wat die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika vir die sendingsaak kan doen. ‘n Kommissie word aangestel, uit elke land twee lede.
Bl 39 ev: Die sinode wil in die lig van Mat 28:19 graag die koninkryk van God onder die heidene uitbrei, maar sien nog nie kans daarvoor nie. Elke gemeente, leraar, lidmaat en opsiener moet doen wat hul hand vind om in hierdie verband te doen.

Sinode 1879

Bl 26: ‘n Kommissie word benoem om vrywillige kollektes en bydraes te ontvang en ‘n plan te beraam op watter manier hierdie geld gebruik kan word vir die uitbreiding van Gods koninkryk en om die plan aan die volgende sinode voor te lê.

Sinode 1894

Bl 61 ev: Die sinode besluit kortliks die volgende:

- ‘n Plan moet gemaak word om volgens vermoë en krag te arbei tot uitbreiding van Gods koninkryk. ‘n Kommissie word benoem om aan die volgende sinode ‘n verslag voor te lê oor die volgende sake.
- Is daar ‘n geskikte arbeidsveld?
- Kan ‘n geskikte persoon vir die werk gevind word?
- Jaarliks moet elke gemeente ‘n vrye kollekte hou om die sendingbeurs op te bou.

Sinode 1897

Sending in Humpata en Venterstad word bespreek, onder meer n a v ‘n verslag, maar geen besluite word geneem nie.

Sinode 1904

Bl 56: Sending in Humpata en Venterstad moet voortgesit en uitgebou word.
Bl 58: ‘n Kommissie van drie lede word benoem om te poog om so gou as moontlik ‘n predikant vir Humpata te bekom, vanuit SA, Noord-Amerika of Nederland.

Sinode 1907

Bl 17: Die sendingwerk in Humpata moet kragtig voortgesit word.

Sinode 1910

Bl 46: Sodra ‘n gemeente aanbied om die “Humpata Zending gemeente” oor te neem, sal dit aan daardie gemeente oorgedra word.

Sinode 1913

Bl 28 ev: Konsep-sendingorde word per artikel bespreek, hier en gewysig en goedgekeur. Kortliks stel dit die volgende:

- ‘n Gemeente mag slegs sending ter plaatse doen en slegs in ‘n ander distrik as daardie gemeente dit goedkeur.
- Gemeentes mag slegs die Woord en die Sakramente bedien, katkisasie gee, siekes besoek en die kerklike tug uitoefen.
- Dienaars op die sendingveld (of ‘n tydelike oefenaar) moet geëksamineer wees volgens die Kerkorde en mag slegs in kleurling-gemeentes dien. Dienaars moet aan die TSP opgelei word en volgens die sendingformulier bevestig word.
- Kleurlinge se eie taal moet soveel as moontlik gebruik word.
- As ‘n sendingpos 20 of meer belydende lidmate het, moet daar ‘n kerkraad kom, maar besluite moet deur die sendende gemeente bekragtig word.
- Kleurlinggemeentes mag nie ‘n eie kerkverband vorm, moet die sendingdienaar trakteer en vir haar eie armes sorg.
- ‘n kommissie van die sinode sal toesig hou oor die gebruik van Bybel- en ander vertalings en die liturgie.

Sinode 1916

Bl 52: Die kerke in die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat sal die sending in Venterstad en in Angola behartig; Transvaal sorg vir Soutpansberg

Sinode 1920

Bl 58: onbestrede mosie is dat op elke algemene vergadering oor die sending verslag gedoen sal word.

Sinode 1930

Artikel 93, bl 87: "Die sinode … adviseer ons lidmate om op plekke waar die Gereformeerde Kerk nog nie 'n sendingswerk het nie, by bearbeiding van hulle diensvolk die voorkeur te gee aan die NG Kerk se sendingswerk teenoor die sektesending."

Sinode 1936

Bl 154: Sendingdeputate kry opdrag "om die nodige ondersoek in te stel met die oog op uitbreiding, en die Sinode vra die kuratore om die studente daarop attent te maak dat 'n tweede Sendingleraar moet voorberei word."
Ook: "… die sinode dra aan die Sendingdeputate op om ondersoek in te stel of die Sendingstasies Uniondale, Molitsie en Kolopo moet aangehou word."
Bl 155: Teenoor heidene wat oorkom tot die Christendom en nog in poligamie gelewe het moet soveel moontlik met versigtigheid en verdraagsamheid en met inagneming van maatskaplike usansies onder kafferstamme gehandel word – sonder in elk geval die strenge eis te stel om onmiddellik afstand te doen van al die vrouens behalwe een. Na die toelating tot die kerk sal egter poligamiese huwelike nie meer toegelaat word nie, en poligamiste wat opgeneem is in die Kerk is nie verkiesbaar as ampsdraers nie. Tim 3:2, 12."

Sinode 1939

Bl 68: Uitbreiding na 'n nuwe sendingterrein word goedgekeur, 'n tweede sendingwerker moet so spoedig as moontlik gevind word. Sinodale sendingdeputate moet stappe onderneem om na beraadslaging met gemeentes meer sendende gemeentes te word.
"Artikel 14 en 15 van ons sendingorde word as volg verander:

- By artikel 14 moet die volgende bygevoeg word dat die deputate saam met die sendende kerk die beheer oor die sendingterrein, skool- en mediese dienste het en ook saam die sendingkas administreer.
- Wat betref artikel 15 kom by dat die deputate saam met die sendende kerk en ander sendingdeputate die sendingsbeleid vas.
- Artikel 172 (bl 221): "10% van die sendingbydraes in die kasse van die Partikuliere Sinodes van Kaapland en Transvaal en van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat en alle vrywillige bydraes bestem vir die sending in die algemeen (moet) in die Algemene Sinode Kas gestort word."

Sinode 1942

Bl 125: Die volgende voorstelle van die deputate oor opdragte aan sendingdeputate word aanvaar:

a. Die uitkiesing van sendingterreine namens die Sinode en die reëling van arbeidterreine van roepende gemeentes buite hul respektiewe distrikte.

b. Advies gee aan roepende gemeentes wat ‘n missionêre dienaar wil uitstuur, en om te oordeel of die traktement voldoende is.

c. Sorg vir gereëlde inspeksie van sendingterreine en die uitvoering van alle sinodale opdragte insake die sending.

d. Sinodes en ander kerklike vergaderings steeds van advies te dien insake die sending.

e. Sendingywer aan te wakker.

f. Gereformeerde sending te verteenwoordig by ander kerke en sendinggenootskappe.

g. Op te tree as trustees van die besittings van die Sinode op die sendingveld.

h. Beheer die opleidingskool vir naturellehelpers te die sendingveld.

i. Die sendingbeleid vas te lê saam met Partikuliere Sinodes deputate en in oorleg met sendende gemeentes, ook wat betref die beheer van die sendingsterrein, onderwys en mediese dienste, en om toe te sien dat alles volgens ooreenkoms uitgevoer word.

Sinode 1945

Bl 113: “‘n Spesiale deputaatskap vir binnelandse sendingarbeid word benoem. Hierdie deputaatskap sal sy aandag aan die saak gee en verslag uitbring op die eersvolgende sinode.”

Die “saak” waarna hier verwys word, is ten opsigte van binnelandse sending, veral ten opsigte van garagesending, en aandag gee aan die dringende noodsaaklikheid van hul geestelike beïnvloeding – ten opsigte van die geestelike verwaarlosing van naturelle- en kleurlingbediendes en die invloed van geestelike stromings wat hulle van die Christelike leer vervreem.

Bl 149 ev, Artikel 107:

- Ten opsigte van Siloam: “dat met dankbaarheid goedkeuring geheg sal word om die begin wat daar gemaak is met die opleiding van naturelle-predikante, -helpers en –onderwysers.
- Ten opsigte van Karmel: Goedkeuring van die plaas De Hoop dat ‘n kerkgebou aldaar opgerig word.

Bl 151: Sinodale Sendingdeputate vra die Sinode om die sendingswerk meer te sentraliseer en die organisasie daarvan beter in orde te bring. Die Sinode gee hieraan gevolg.

Sinode 1949

Kennis is geneem van die eerste “naturelle-leraar, Jojakim Matlakala.

Die sendingorde soos vasgestel op die sinode van 1913 is hersien. ‘n Kommissie word staande die sinode aangestel om ‘n samevattende voorstel op te stel (Artikel 158, bl 289). Die rapport van die kommissie word deur die sinode aanvaar (Artikel 177, bl 298). Kortliks bepaal die sendingorde die volgende:

- Geen gemeente mag buite sy gemeentelike grense in die sending arbei sonder die advies van die betrokke meerdere vergadering nie.
- Sendingdeputate moet optree en fungeer as trustees van alle besittings, bates en eiendomme wat vir sending gebruik word of bedoel is.

- Missionêre dienaars moet volgens die korrekte prosedure geëksamineer wees. ‘n Blanke helper of oefenaar wat ‘n kerkraad aanstel, moet deur die sinodale sendingdeputate geëksamineer wees.
- As oorgegaan kan word tot die stigting van ‘n gemeente op die sendingterrein, staan dit onder die leiding van sy missionêre dienaar van die Woord in oorleg van sendende gemeente se kerkraad.
- Die Algemene Sinode benoem sewe sendingdeputate waarvan drie ‘n dagbestuur vorm. Hulle moet advies gee oor sendingterreine en die arbeidsveld van ‘n roepende gemeente aanwys, sendingterreine inspekteer, toesig hou oor alle sendingsaktiwiteite en Bybelvertalinge, sendingywer aanwakker, sendingfondse van die Algemene Sinode beheer, sorg vir lektuur, ens.

Sinode 1955

Bl 127 – 130: Die sendingorde soos voorgestel deur die deputate word bespreek, gewysig en goedgekeur. In verkorte vorm kom die sendingorde op die volgende neer:

- Sendingwerk is die amptelike bediening van Woord en Sakrament en ondersteunende hulpdienste soos onderwys en medies.
- Missionêre dienaars is dienaars van die Woord; helpers en blanke oefenraars wat aan die vereistes voldoen, kan deur aangestel word soos voorgeskryf.
- As ‘n sendinggemeente gestig word, bly sy vir eers onder die leiding van die sendende gemeente se kerkraad.
- ‘n Sendende gemeente kan ‘n kombinasie met ander gemeentes vorm om die werk te doen.
- Elke klassis en partikuliere sinode benoem sendingdeputate om sending te bevorder.
- Sendingdeputate van die Algemene Sinode moet die sinode se sendingsbeleid uitvoer, sorg vir die opleiding van nie-blanke bedienaars van die Woord, helpers en onderwysers, sorg vir lektuur, sendingywer by gemeentes aanwakker en adviseer en steun, sendingsterreine vind en aan sendende gemeentes toewys, as trustees optree van die Gereformeerde Kerk se sendingseiendomme en –fondse en dit beheer, toesien dat alle sendingwerk ordelik en koördinerend bevorder word, in oorleg sorg vir emeriterend nie-blanke leraars en hul weduwees en wese.

Bl 137: Waar die Geref. Kerk nog nie sendingwerk doen nie, moet voorkeur gegee word aan die NG Kerk se sendingwerk teenoor sektesending

Sinode 1958

Bl 161: Wysigings aan die Sendingorde word voorgestel en gedeeltelik goedgekeur (bl 192).
Bl 162 t o v koördinasie in sendingwerk, besluit die sinode (bl 192) dat soveel as moontlik van onbetaalde kragte gebruik gemaak moet word, die kragte van blanke sendingleraars moet profyteliker gebruik word deur die sluiting van kombinasies, en sendingterreine in die ressort van blanke gemeentes moet koördineer deur kombinasies en sustentasie.

Sinode 1961

Bl 171: Die Interkerklike Advieskomitee vir Sending (IAKS) kan maar as aparte liggaam verdwyn en die kontak met die ander kerke word waar nodig deur ons Sendingdeputaatskap gehandhaaf.

Bl 172: Werk kan begin aan die vertaling van ons belydenisgeskrifte in Xhosa, Zulu, Suid-Sotho, Tswana, Pedi, Venda en Tsonga met die huidige Afrikaanse vertaling as basis, en wel in die volgorde HK, NGB en DL en daarna ook die Geloofsbelydenis van Athanasius, Nicea en die Apostolicum. Vertalingskommissies is vir die verskillende tale aangewys, ook uit die geledere van die Gereformeerde Kerk (vir alle tale, behalwe Xhosa). Deputate vir Lektuur kry die opdrag om ook Formuliere te laat vertaal.
Bl 177: Ten opsigte van opleiding besluit die sinode die volgende:

1. Verskuiwing van die Teologiese Skool by Dube na Hammanskraal. (Op bl 189 word gemeld dat die skool- en kerkgebou te Dube op die aand van 28 Maart 1960 "vry ernstig deur brandstigting gedurende die onluste in die lokasie beskadig is". Nogal die enigste gebou wat beskadig is. Volgens opmerkings wat plaaslik gehoor is: "ons wil nie die Kerk hier hê nie, dit is die Kerk wat die apartheid aanmoedig en ondersteun. Vgl bl 191. Verskeie ander redes word ook aangevoer, vgl bl 192.)
2. Toekomstige beleid met die opleiding van nie-blanke predikante: Elke kerk (ook onder die Bantoevolke) het die reg op 'n eie teologiese skool.
3. Daarom sal aanvanklik gewerk word vir die daarstelling van een volwaardige selfstandige teologiese skool vir die voltydse opleiding van predikante en teoloë uit die Gereformeerde Kerk onder die nie-blankes. Meerdere teologiese skole vir die onderskeie etniese eenhede sal grootliks afhang van die ontwikkeling van die sending en die selfstandigwording van die Gereformeerde Kerke onder die verskillende nie-blanke bevolkingsgroepe waarvoor die sendende kerke medeverantwoordelikheid sal dra.
4. Die teologiese opleiding sal met een jaar verlang word sodat onder andere 'n kursus in die grondtale van die Bybel voorbereidend geneem kan word.
5. Die toelatingsvereistes tot die teologiese studie sal vanaf die begin van 1962 na Senior Sertifikaat verhoog word (uitsonderings is moontlik).

Bl 182: "Indien daar na die oortuiging van die Sinode groot onbearbeide terreine, wat deur die Regering aan die Gereformeerde Kerk toegesê is, lê, waarvan die bearbeiding buite die vermoë van die Gerformeerde Kerk is, is dit die Sinode se roeping om dit onder die aandag van die kerke te bring met wie ons in engere korrespondensie staan."
Bl 184: "Die beginsel word aanvaar dat 'n sendeling 'n Bantoetaal magtg moet wees."
Bl 185: "Die Sendingdeputate kry opdrag om die Regering te versoek om veral Christene in aanmerking te neem by die samestelling van stamowerhede."
Bl 186: In verband met 'n selfstandige kerkverband vir nie-blankes, besluit die sinode om aan sendingdeputate opdrag te gee om in oorleg met die missionêre predikante die nie-blanke kerkverband te reël.
Bl 198: Die Sinode keur dit goed dat gewerk word aan die uitgee van handboeke oor godsdiensonderwys in die verskillende Bantoetale.

Volgens die Handelinge van hierdie sinode is op verskeie plekke melding gemaak van verskeie plaaslike inisiatiewe op sendingsgebied, soos skenkings (ble 194), voorsiening van Christelike lektuur in Bantoetale (bl 196 ev), 'n Venda-kategismus (bl 197), handboeke vir Bantoe-onderwysers en skole (bl 198), 'n Almanak vir nie-blankes (bl 198), vertaling van Psalms en van die belydenisskrifte in Bantoetale, pamfletpreke, doopseëls (bl 198 ev), 'n sendingsblad (bl 200), blanke sendingkonferensies (bl 200), 'n sendingfilm (bl 200 ev), benoeming van professor in Sendingwetenskap (bl 201), omsendbriewe aan gemeentes wat onder meer die Sendingorde en die sendingbeleid insluit (bl 201).
Die Sinode het ook goedkeurend kennis geneem van deputate se werksaamhede. Hier kan gemeld word dat 'n lidmaat van Florida 'n geskenk van 25 morg in die Pedi-gebied aan die deputate aangebied het. Dit is verwys na die Kerkraad van Groblersdal wat aldaar met sending wil begin.

Bl 213: Wysiging aan die Sendingorde (Art 19) insake die inhoud van die kurrikulum van missionêre leraars aan die Teologiese Skool op Potchefstroom word goedgekeur (bl 213).

Sinode 1967

Bl 225: Die getal sendingdeputate word op nege gestel, minstens vier moet sendelings wees, versprei oor die verskillende sendinggebiede. Professore van Hammanskraal sal steeds as adviseurs uitgenooi word en die professor sendingwetenskappe van Potchefstroom is ex officio adviseur.
Bl 227: Die geestelike bearbeiding van nie-blanke bediendes is die taak van die lidmate waar die bediendes werk.
Bl 228: Die GK Louis Trichardt is die sendende kerk vir Siloam.
Bl 233: Die plaas Siloam word aan die staat verkoop. Die geld kom in trust en die opbrengs word vir sendingwerk in Vendaland gebruik. T o v De Hoop en Goedverwacht moet deputate in die beste belang van die kerkverband handel en die verkoopsom sal na die sendende kerk gaan.
Bl 236: Gemeentes wat die gevolg is sendingswerk deur die Christelijke Gereformeerrde Kerke in Nederland sal ressorteer onder die Sinode van Soutpansberg.
Bl 239 Die EPPW- en W-Fonds Nie-blankes "is verdeel volgens die opdrag en elkeen van die Nasionale Sinodes het nou sy eie fonds, trustees en regelement daarvoor."
Bl 242: Die ou sendingorde word herroep en die aanbevole sendingorde word gewysig en goedgekeur. Kortliks kom die orde op die volgende neer:

- Samewerking met buitelandse Gereformeerde Kerke en kerke waarmee nie enger korrespondensie gevoer word nie, is moontlik na advies van die sendingdeputate en die toestemming van die sinode.
- Sendingleraars moet geëksamineer en beroepbaar gestel word volgens Artikel 4 KO.
- Daar kan oorgegaan word tot kerkstigting as die kerkraad van die sendende kerk bepaal dat daar genoeg lidmate en gawes is.
- Sendingdeputate moet die algemene sendingsbeleid van die GKSA uitvoer t o v sendende kerke en meerdere vergaderings. Moet ook die sinode adviseer t o v eventuele sustentasie, bevordering van die sendingwerk en as trustees optree van sendingseiendomme.
- Bl 243-247: Formulier om sendelinge te bevestig word vasgestel.
- Bl 253-254: Konsep "Reglement vir die toesegging van sendingsustentasie" goedgekeur.
- Bl 255: Dr B Spoelstra sal versoek word om die geskiedenis van die Hammanskraalse Teologiese Skool en van die sendingdeputate op te stel.
- Bl 256-259: Sendingdeputate het vraelyste uitgestuur en uit die antwoorde van byna 150 kerkrade uit 229 blanke kerkrade blyk dat ongeveer 130 kerkrade amptelik sendingwerk doen. In 1957 was dit 49 en in 1960 was dit 102. In totaal doen 30 gemeentes self alleen sending, daar is 30 sendingkombinasies, 19 gemeentes ontvang sustentasie. Van die 63 nie-blanke kerkrade het 48 geantwoord. Van die 48 het 18 nog geen eie armkas nie, 17 van die 48 het nie 'n eie kerkkas nie; die ander het dit wel. En hulle meen dat dit nog baie, baie jare sal duur voordat hulle hulle eie predikante sal kan onderhou. "Die jong kerke is byna almal nog vaagweg byna ten volle afhanklik van die sendende kerk sonder 'n duidelike afbakening van verpligtings."
- Bl 258: Die sendingstaak van die sendende kerk is nie afgehandel wanneer daar 'n nie-blanke kerk gestig is nie. Nasorgwerk en opbou van die jong kerk is nodig. Sustentasie gaan

nog lank nodig wees; elke jong kerk moet ‘n armkas en ‘n kerkkas hê; daar moet ‘n ooreenkoms wees sodat hulle na finansiële onafhanklikheid kan groei.

- Bl 259: Sendingdeputate kry opdrag “om riglyne daar te stel vir ‘n vaste ooreenkoms van samewerking tussen blanke en nie-blanke kerke plaaslike en klassikaal.”
- Bl 259: Die besluit insake die ekumensiese verband volgens sinode van 1964 (bl 270, pt 7) moet hersien word “t o v wedersydse afgevaardigdes tussen meerdere vergaderings van die GKSA en die verskillende nie-blanke Gereformeerde Kerke, sodat alle misversand uitgeskakel word.”
- Bl 262: Sendingdeputate moet ‘n deurtastende ondersoek doen na die herlewing van sogenaamde Bergskole onder die Bantoes en die betekenis wat dit het vir die sending.
- Bl 264: Prof L Floor het op 1 Maart 1965 diens aanvaar by die Hammanskraalse Teologiese Skool

Sinode 1970

Bl 353: Die sinode keur die besluit van die sendingdeputate goed om op versoek van die sendende kerke die plase De Hoop en Goedverwacht nie te verkoop nie, maar aan die sendende kerke oor te dra.
Bl 356: Alle erflatings, tensy waar uitdruklik ander bepaal, asook alle algemene donasies, moet voortaan by die Duvenagefonds gevoeg word. Uit die rente kan jaarliks sustentasie toegeken word.
Bl 359 ev: T o v riglyne vir ooreenkoms van samewerking van sendende kerke en jong kerke word die volgende prinsipes neergelê:

- Sodra ‘n kerk geïnstitueer en sy grense bepaal is, is dit ‘n volkome selfstandighe eenheid, ook al is sy finansieel en andersins nog afhanklik van die sendende kerk.
- Die sendende kerk kan steed advies gee en het die roeping om met sendingwerk voort te gaan.
- ‘n Akte van ooreenkoms tussen die sendende kerk en die nie-blanke kerk kan aangegaan word t o v advies, finansies en middele om met sending voort te gaan.

Bl 363: Sendingdeputate het die saak van Bergskole onder Bantoes bestudeer, maar wil ander nasionale sinode ook hierin ken. Die opdrag word verleng.
Bl 363: Donasies vir sendingwerk onder Kleurlinge gaan na die Duvenagefonds en donasies vir sendingwerk onder Indiërs moet apart in trust gehou word totdat met sendingwerk onder Indiërs begin word.
Bl 366: Die GKSA en die NGKerk ken en eerbiedig mekaar by die sendingwerk soos deur elkeen onderneem sonder om mekaar te benadeel of te opponeer.
Bl 375: Die minister (van Bantoesake) moet deur die Nasionale Sinode versoek word “dat kerke, onderhewig aan sekere voorwaardes, beperkte eiendomme as sendingposte in Bantoegebiede mag besit, min of meer na analogie van die reëlings wat geld t o v gesantskappe van vreemde moondhede in ons land.”
Bl 395 ev oor die begrip evangelis/helper: Prof L Floor het ‘n studie hiervan gemaak en kom tot die konklusie dat die gegewens in die Nuwe Testament ons nie aan ons die reg gee om die helpers sonder meer met die evangelis te vereenselwig nie. Soos Paulus homself aandui as ‘n helper, so kan ons ook die evangelis in die Nuwe Testament ‘n helper noem. Maar dit impliseer nog nie dat alle helpers aan evangeliste was nie. By die helpers val die volle nadruk op die ondergeskiktheid. Hy is ‘n ondergeskikte dienaar van die apostel. Vandag kan ons helpers op die sendingveld gebruik as tolk, getuie van die

evangelie en as organiseerder vir die sendeling en die sendende kerkraad. Maar die helper staan as helper slegs in die amp van die gelowige en nie in ‘n besondere amp nie.

Sinode 1973

Bl 419, Artikel 3.3 word goedgekeur (soos op bl 417 – 419). Kortliks behels dit die volgende:

- Alle erflatings gaan na die Duvenagefonds. Uit die rente kan jaarliks gesustenteer word.
- Die Koster-erflating is ten bate van sendingwerk in Vendaland en die rente daarop word vir Venda-kerke en sending gebruik.
- Die Siloam-trust se rente gaan na die kerkraad van Louis Trichardt vir sending onder die Bavenda.
- Sendingsustentasie word deur die nasionale sinode verleen uit die rente van die Duvenagefonds, besondere fondse wat mag ontstaan.
- ‘n Prosedure word neergelê om bogenoemde besluit ordelik toe te pas.

Bl 419, Art. 3.4.1: Sendingdeputate het ‘n samevatting van alle sinodebesluite oor die GKSA se sendingbeleid opgestel. Die sinode gee opdrag om die samevatting in ‘n beoogde publikasie te finaliseer.
Bl 420: ‘n Sendeling se taak t o v ‘n pas gestigte kerk is nie afgehandel na die instituering van die kerk nie. Die gemeente word steeds opgebou waarby die sending nuttige diens kan verrig. Dus hy gaan nie noodwendig weg om elders te arbei nie.
Bl 420 ev: 5.c. (2) Die woorde “maar mag dit nie afdwing nie” in die besluit van die sinode van 1964, bl 279 punt (2) “Die sendingleraar kan nog raad en leiding gee aan die sendinggemeente maar mag dit nie afdwing nie”, verval. By pt (3) moet bygevoeg word “Dit moet in gedagte gehou word dat die gemeente steeds opgebou word waartoe die sendeling nuttige diens kan verrig. Vgl Matt 28). By pt 5.c. (4) word die 1964-besluit deur die volgende vervang: “Alle sendingwerk in die ressort van die kerke op die sendingveld moet in samewerking met daardie kerke geskied. Die toesig oor en die inskakeling van die werk van die sendelinge en hulle helpers moet in oorleg met die plaasliike kerk geskied.”
Bl 421, Artikel 3.4.3.2.1: Sendingleraar is sendeling (vgl 1967-sendingorde, art. 2).

Artikel 3.4.3.2.2: Sendelinge bedien hulle van die taal van die nasie waaronder hulle arbei (vgl 1967-sendingorde art. 3. Die res van hierdie artikel verval).

1967-sendingorde art. 6, 8, 9a en 9b verval.

1958-besluit (bl 184) is teenstrydig en ‘n beter formulering is dat helperopleiding plaaslik of in samewerking met ander Gereformeerde Kerke geskied.

Bl 422, artikel 3.4.3.4.1: “Aan die sendingdeputate word opgedra om met belangstellende instansies te onderhandel ten einde ‘n weg te skep vir beter koördinasie en kommunikasie ten opsigte van sendingaktiwiteite, -probleme en –behoeftes in die Gereformeerde Kerke.
Bl 425 insake okkupasiereg van sendende kerke in Bantoegebiede moet die Regering van die RSA versoek word om, sover dit in sy vermoë is, bestaande vergunninge m b t sendingterreine te beveilig by oordrag van gesag aan die Bantoetuislande. “Na onafhanklikwording behoort die Gereformeerde Kerke onder die Bantoevolke in oorleg met u sendingdeputate self met hulle owerhede te skakel oor voortsetting en versterking van hierdie vergunnings.”
Bl 434 ten opsigte van verskillende ooreenkomste met ander kerke, besluit die sinode om die rapport van die sendingkommissie goed te keur:

- T o v ‘n konsep-akte van samewerking met die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (bl 426 – 440) word gewysig en aanvaar (met sommige dele waarvan net kennis geneem word, soos van toepassing).

- T o v die Free Church of Scotland (bl 442 – 443) besluit die sinode om kontak te te verstewig en uit te bou (2.1)
- T o v die Gedreformeerde Gemeentes van Nederland (bl 450): om na analogie van bestaande ooreenkomste met buitelandse kerke met wie ons nie in korrespondensie staan nie, samewerking aan te bied.

Sinode 1976

Tydens hierdie sinode kry sendingsake uitvoerige aandag. Gewys kan word op die kuratore van Hammanskraal se verslag en die bespreking daarvan (bl 106-138) en die sendingdeputate se verslag en die bespreking daarvan (bl 138-157). Besluit is as volg:
Bl 139 ev: Die onderskeie NG- en GKSA-kerke betrokke by sending in Venda aanvaar om afsonderlike en gesamentlik te ywer vir die koninkryk van God en die suiwere Gereformeerde leer in Venda d m v uitbouing, wedersydse respek, samewerking en ook vermyding van proseliet-makery.
Bl 140: Die sinode besluit om af te stap van die onderwerp bergskole onder Bantoes nadat sinodes Middellande en Soutpansberg daaraan aandag gee.
Bl 141: Die sendingargief moet deel vorm van die algemene kerkargief.
Bl 148 ev: ‘n Bybelskool word by Richmond beplan om met die opleiding van helpers te begin wat sal uitloop op predikante-opleiding. Die sinode keur die advies van die sendingsdeputate goed dat verder oor die saak besin moet word en later met ‘n uitgewerkte advies te kom, en om Klassis Natal en die Sinode Middellande te betrek.
Bl 227 ev, Artikel 79 insake die rapport oor sending- en nasorglektuur: Die volgende publikasies word goedgekeur: *Die Oes,My Volk, Molaetsa-Moloetsa, Imbongi Yenkosi, Murumiwa, Umthombo Wamandla, Sendingkalenders, Sendingalmanakke,* vertalings in Tswana en Suid-Sotha van die *Kerkorde,* die *Psalms in Tswana en Suid-Sotho, kategismus* in agt tale*, Belydenisgeskrifte* en die *Formuliere* in ‘n aantal tale, gratis lektuur. Ander media: radionuus aan Radio Bantoe, lesing vir die Bible School of Soweto. In verskeie ander sinodes se akta kom soortgelyke verslae voor.
Bl 230: Deputate moet in die toekoms saamgestel word uit predikante wat in die praktyk van die sending staan plus broeders wat met die administrasie behulpsaam kan wees.
Bl 234: Daar sal in die toekoms begroot word vir die beskikbaarstelling van meer lektuur in Xhosa

Sinode 1979

Bl 289 ev insake rapporte deputate vir sending- en nasorglektuur: Op bl 294 kry deputate goedkeuring om jaarliks in die kerkverband te kollekteer om die lektuurfonds op te bou. Vir al die publikasies wat verskyn, sien bl 292 – 294.
Bl 458 ev, rapporte deputate vir sending: Op bl 465 word gemeld dat die inrigting van ‘n sendingkantoor in die sinodale gebou te Potchefstroom in ‘n groot behoefte voorsien. Ook dat begin is met die uitgee van ‘n bulletin met nuus i v m sendingwerk in die hele kerkverband wat onder die aandag van kerkrade gebring moet word. Die sinode besluit dat die sendingkantoor behou word, deputate moet voortgaan met die bevordering van sending.
Bl 470: “Die sinode is van oordeel dat die gereformeerde beginsel (t o v sending) is om uit te gaan van die plaaslike kerk; dus ook plaaslike sustentasie. Die ideaal nie sentralisasie nie, maar desentralisasie. Dit is

verder ook wenslik dat die jong kerke saam oor hulle finansiële selfstandigheid moet besin." Die sinode stuur daaroor 'n beskrywingpunt aan die eersvolgende Algemene Sinode.
Bl 473: 'n Beroep word op kerke gedoen om die Dimbaza Reformed Bible School te steun.
Bl 476: Die Duvenagefonds moet doelbewus uitgebou word met die oog op intensiewer sendingwerk waar aangrensende Blanke gemeentes finansieel nie in staat is om aan die sendingwerk reg te laat geskied nie.
Bl 554, par 2.2.3.4.4 (ii) stel as deel van die motivering van 2.2.3.4.3 (wat nie opgespoor kan word nie) oor die verval van 'n artikel oor die sendingorde as volg: "Sending is primêr die taak van die plaaslike kerk en verder word dit deur kombinasies, besluite van klassisse en sinodes gereël. 'n Sendingorde as 'n vorm van 'n afsonderlike en aanvullende kerkorde is nie meer nodig nie wanneer prinsipieel tussen kerk en sending onderskei en geskei word nie. Dit is nie duidelik of die besluit van die sinode ("Goedgekeur" op bl 556) enigsins daarmee te doen het nie.

Sinode 1982

Bl 244 ev: Rapport van deputate vir sending en nasorglektuur: Die sinode neem kennis dat die publikasie *My Volk* deur die Sinode Suidland gestaak is. Die sinode besluit (248) om voort te gaan met die uitgee van gereelde publikasies en ander benodigde lektuur, om die Psalmboek in Tswana en Suid-Sotho af te handel en om jaarliks te kollekteer om 'n deeltydse redakteur te benoem.
Bl 460 ev: *Formulier en Verkorte Formulier vir die Bevestiging van Sendelinge* word goedgekeur (bl 468).
Bl 551 ev: *Akte van samewerking insake sendingaksie in Kwa-Ndebele* tussen die kerkrade van die GK Groblersda, GK Allemansdrift en die Christelijke Gereformeerde Kerke waarvolgens laasgenoemde kerke die enigste is wat in die gebied sal werk. Ander genoemde kerke gee insidentele hulp.
Bl 554 ev: Die sinode neem kennis van die voorneme van die sendende kerk van die Nederlands Gereformeerde Kerk om predikante vir die Nguni etniese groep op te lei. In 1961 het die sinode al besluit (Acta bl 177-178) dat dit die kerke in ander etniese verbande vry staan om eie teologiese skole op te rig. Dus moet die NGK met Sinode Middellande skakel.
Bl 555 ev: Op versoek van die Nederlands Gererformeerde Kerke (wat sending doen in Richmond en Nqutu) word die bestaande ooreenkoms van samewerking gewysig. Goedgekeur deur die sinode (bl 556).
Bl 557 ev: Daar is tans Bybelskole te Iyani (Venda), Nqutu en Richmond (Natal), Dimbaza (Ciskei) en die Soweto Bible School. Dit vereis koördinering deur die deputate. Kennis van geneem.
Bl 558 ev: t o v opname van sendingwerk:

- 166 kerkrade (uit ongeveer 270 kerke) het op die vraelys geantwoord; 150 doen aktief sendingwerk; 131 onder Swartmense, 36 onder Kleurlinge, 3 onder Indiërs en 2 onder die Boesmans.
- 103 kerkrade onderneem sending in samewerking met ander kerke, gewoonlik in die vorm van 'n kombinasie.
- 80 gemeentes het as vrug van die sending tot stand gekom; volgens die Almanak moet dit 104 wees.
- Meeste sendingwerk word gedoen in stedelike/dorpwoongebiede (83) gevolg deur tuislande (55) en plase (51)
- Moontlikhede vir verdere sendingwwerk word veral deur kerkrade gesien op plase (56), in stedelike/dorpwoongebiede (53) en 47 in tuislande.
- 51 gemeentes doen naas ander sendingswerk op 353 plase sending.
- Daar is 61 plaasskole
- By 39 kerke is daar 'n lewendige belangstelling in sending, by 40 geen belangstelling, by 32 gemiddelde belangstelling en by 12 net by sommige lidmate.
- Om belangstelling aan te wakker, is prediking en/of huisbesoek nodig, volgens 61 kerkrade.

Bl 570-572 : Die sinode keur die gewysigde reglement vir die toekenning van sendingsustentasie uit die Duvenagefonds goed.
Bl 573: In die lig van die 50-jarige bestaan van Siloam en die bestaan van sendingwerk in Noord-Transvaal en Venda wat in 1985 al 75 jaar oud sal wees, sal sendingdeputate met een van die professore in Kerkgeskiedenis reël om 'n geskiedenis van die sending oor die 75 jaar in die gebied op te stel.
Bl 575 ev: Sendingdeputate het 'n algemene beleid vir sendingwerk in kombinasies opgestel. Die sinode gee opdrag om die beleid deur te gee as leidraad aan die betrokke kerke.

Die reglement van die Duvenagefonds in hoofpunte is:

- Swart kerke se finansiële selfstandigheid moet bevorder word en dit moet 'n mikpunt van instituering wees.
- Sendingwerk moet nie primêr deur betaalde kragte gedoen word nie.
- Nouer kontak tussen Swart en Blanke kerke is nodig.
- Kombinasies-aktes en ooreenkomste moet onderskei tussen hulp vir sendingswerk en sustentasie van 'n Swart kerk.
- Daar moet gekombineer word met 'n spesifieke doel, soos die beroeping van 'n predikant of sendeling.
- Lidmate moet vir hul sendingroeping toegerus word deur kursusse.

Sinode 1985

Bl 141: Die sinode neem goedkeurend kennis van die voorneme om 'n Bybelskool In KwaNdebele te stig. Die beheer berus by 9 benoemde lede: 2 van die SA sendingsdeputate, 2 van die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland, 1 van die GK Allemansdrift en 4 van die KwaNdebele Churches Board.
Bl 142: "Die sinode gee opdrag aan die te benoeme sendingsdeputate om die hele saak van Godsnaam in die nuwe Zuluvertaling, met die nodige sterk motivering vir hulle besware, met die Bybelgenootskap verder op te neem, ook in oorleg met Sinode Middellande."
Bl 147: In opdrag van die vorige sinode het deputate vraelyste aan alle kerke uitgestuur om vas te stel wat die stand van die sendingswerk deur Gereformeerde Kerke is. Vraelyste is uitgestuur en van die 289 kerke is slegs van 154 kerke antwoorde ontvang. 'n Verdere 33 kerke is telefonies genader vir inligting. Uit die antwoorde blyk onder meer (en verkort) die volgende:

- Ongeveer 60% van die kerke doen aktief sendingwerk; van hulle doen driekwart dit saam met ander kerke. Die meeste kerke het sendingkommissies.
- Sendingwerk is hoofsaaklik in Swart dorpe, tuislande en op plase.
- Sowat twee derde van alle kerke is van mening dat heelwat meer aandag deur hulle aan sending gegee kan word.
- Verdere stigting van Swart kerke word nie beplan nie.
- In meer as die helfte van die sendingwerkgebiede is daar 'n Swart predikant.
- Die aantal Blankes wat in sendingwerk in die gemeentes belangstel, word op ongeveer twee derde beraam, maar minder as die helfte dra gereeld tot sendingwerk by, hoewel 'n derde van die kerke geld uit kerklike bydrae aan die sending bewillig.
- In meer as die helfte van die gemeentes is daar lidmate wat uitgesproke teen sending is.
- Uit die totale inkomste van Blanke kerke word deur 43,4% van die kerke minder as 5% aan sending bestee, by 33,3% tussen 5 – 10%, 15,5% tussen 11 – 20% en by 7,8% meer as 20%.

Bl 154 ev: Opdragte aan die sendingdeputate is kortliks die volgende:

- Om die algemene sendingsbeleid soos bepaal deur die sinode van 1982 (bl 557) uit te voer.

- Om t o v alle sendingaspekte kerke en meerdere vergaderings asook die KwaNdebele Bybelskool te adviseer.
- As trustees vir sendingseiendomme op te tree en dit te beheer.
- Om sendingwerk te bevorder en te koördineer.
- Die Duvenagefonds uit te bou.
- Om die gegewens van die opname oor die stand van die sendingwerk te verwerk vir ‘n doeltreffender beleid en praktyk t o v sendingwerk.
- Om die studiestuk oor inisiasie (berg- of stamskole) af te handel en te versprei.
- Om te sorg dat die stuk “Agtergrond vir sinodale besluite rakende die sending” deur proff D C S van der Merwe en J H Coetzee opgestel en uitgegee word. (Uit die akta van die Sinode van 1988 blyk dat dit geblyk het dat dit nie sinvol is om die stukke uit te gee nie, maar dat dit in die vorm van ‘n kassetband en op skrif in die argief opgeneem en aldaar beskikbaar is (Sinode 1988, bl 385)
- Bl 385: Die Sinode keur die reëlings oor die samewerking van die GK Groblersdal met die KwaNdebele Bybelskool (Mukhanyo) goed. Die sendingdeputate sal twee verteenwoordigers op die Beheerraad aanwys, waarvan een van die GK Groblersdal sal wees.
- Bl 386: Sendingdeputate kry ook opdrag om aan die kerke van Aranos en Dekar advies te gee om die plaas Dekar aan die Reformed Church Dekar te kan oorhandig.
- Om solank die Algemene Sinode nie sendingdeputate het nie, hulp te verleen t o v die ooreenkoms tussen die GK Sannieshof en die Gereformeerde Gemeenten.
- Om advies en hulp te verleen t o v die publikasie van die geskiedenis van 75 jaar se sendingwerk in Soutpansberg.

Sinode 1988

Bl 332 ev: Daar moet voortgegaan word met die uitgee van gereelde publikasies en daar moet steeds gesorg word vir die beskikbaarstelling van amptelike stukke, boeke, ens.
Bl 336: Daar word weer deputate vir sending- en nasorglektuur aangewys met die opdrag om (soos relevant en kortliks saamgevat):

- Om met drukwerk wat nog nie afgehandel is nie, voort te gaan en waar nodig lektuur beskikbaar te stel.
- Om die sinode van 1991 te adviseer oor die verdere noodsaaklikheid van die destaan van hierdie deputaatskap en na alternatiewe te kyk.

Bl 362 ev: Sendingdeputate het die opname (sien opsomming by die besluite van die Sinode van 1985) evalueer en wys op die volgende leemtes waarvan die sinode met leedwese kennis neem:

- Nagenoeg 40% van die kerke doen nie aktief sendingwerk nie.
- Nagenoeg 33% van die lidmate stel nie in sending belang nie.
- Nagenoeg 50% van die kerke dra nie regstreeks finansieel vir sending by nie.
- Nagenoeg 40% van die kerke gee nie aan lidmate inligting of motivering oor sending nie.
- Meer as 75% van die kerke bestee minder as 10% van hulle inkomste regstreeks aan sending.
- Daar is weinig kennis van wat in ‘n ander gemeenskap ‘n belangrike rol speel.
- Daar is min groei in die aantal lidmate en kerke. Oor vyf jaar was daar in die sendingwerk van byna 60% van die kerke minder as 10% groei.
- In byna geen gevalle word die verdere stigting van swart kerke beplan nie.
- Van die swart kerke dra 41% niks tot sendingwerk by nie en nog 45% minder as 10% van die uitgawes.

Die sinode neem kennis van die moontlike oorsake soos gebrek aan ware kennis van God, verkeerde kerkbeskouing, paternalisme, gebreke in die opleiding van predikante en min prinsipiële leiding.
Bl 366: Die sinode keur die volgende prinsipiële riglyne goed en gee dit deur aan kerke vir bestudering en beoefening. T o v wat sending is:

- Joh 20:20: God stuur die kerk die wêreld in om die hele evangelies aan die hele wêreld te verkondig deur woord, daad en gesindheid.
- Verkondiging van die evangelies met ‘n oproep tot geloof en bekering (Hand 16:31, 2 Kor 6:1). Kies die lewe! (Deut 30:15 en veral 19)
- Beoefening van barmhartigheid- en geregtigheidliefde.
- Sendingwerk geskied op spontane en/of georganiseerde wyse.
- Die doel van sendingwerk I die uitbreiding van God se koninkryk en die verheerliking van God se naam oor die hele aarde (Ps 24:1, Fil 2:10,11).
- Sending is die roeping van elke kerk.
- Gelowiges getuig deur hul lewenswyse (Mat 5:16, 1 Petr 3:1-4), en ook met woorde om die groot dade van wat God aan ons te verkondig (Ps 66:16).
- Die inhoud van die boodskap (kerugma): Kyk na 1 Kor 15:1,2 en die driedeling van die Heidelbergse Kategismus.
- Die doel van die getuienis en verkondiging is om mense tot geloof te bring (Joh 20:31, 1 Joh 5:3); en om van mense dissipels te maak (Mat 28:18-20)
- Die gevolge van ongeloof moet uitgewys word (Heb 4:1-2).
- Evangelisering of sendingwerk is gerig op elke ongelowige mens; elke gelowige het ‘n sendingroeping; gemeentes moet toegerus word om sending te doen.
- ‘n Kerkraad koördineer en lei ‘n gemeente se sendingywer.
- Die normale weg om die vangelie te verkondig is deur persoonlike kontak en gesprek. Lektuur, massamedia en tegniese hulpmiddels is waardevol, maar pas op vir verontpersoonliking van die evangelie.

Bl 371 ev: Sendingwerk is die taak/verantwoordelikheid van die plaaslike kerk of kerke in kombinasie. Dit moet steeds kerke wees wat sending doen, nie slegs enkele individue nie.
Bl 372: Armoede is geen absolute belemmering vir die gee van kerklike bydra nie. Sustentasie is nie bloot die gee van geld nie, maar totale betrokkenheid en leiding in woord en daad, met ‘n innige band van liefde en wedersydse agting.
Bl 373: Bybelskole is ‘n geldige sendingmetode, maar moet van die plaaslike kerk uitgaan wat die inisiatief en verantwoordelikheid neem.
Bl 373: Deputate moet voortgaan met fondsinsameling vir die Duvenagefonds sodat dit as sendingshulp beskikbaar sal bly.
Bl 374: Die Bybelskool Mukhanyo is ‘n geldige uitbreiding van die bestaande sendingaksie.
Bl 378: Die Sinode keur die studie oor die inisiasieskole (bl 374-378) goed. Dit moet ook na die Algemene Sinode verwys word met die versoek (bl 379) dat die Algemene Skole hom uitspreek teen die inisiasieskole.
Bl 379 ev: Die Sinode stuur die volgende beskrywingspunt deur na die Algemene Sinode 1988 (soos hier verkort):

- Dat die Algemene Sinode sendingdeputate benoem om die Sinode asook kerke oor sendingswerk advies te gee en hulp te verleen en enige ander opdragte uit te voer.

Sinode 1991

Bl 355 ev: “Die sendingroeping van elke gelowige geld ook ten opsigte van mense uit ander tale en kulture in die onmiddellike omgewing.”
Bl 356: “Wanneer persone as gevolg van sodanige aksies by die lewe en diens van die plaaslike kerk wil inskakel, word hulle met liefde geakkommodeer volgens die Bybelse patroon (Handelinge Sinode 1985, bl 435). … “Wanneer daar egter onderskeie kerke onder verskillende volksgroepe bestaan, mg geen persoon op grond van ras of kleur van ‘n erediens uitgesluit word nie.”
Bl 356: “Wanneer ‘n plaaslike kerk amptelik met die evangelie na mense van ‘n ander kultuurgroep uitreik, is dit nodig dat persone wat toegerus is om so doeltreffend as moontlik in die situasie funksioneer, gestuur word (vgl Handelinge Sinode 1961, bl 184, ook Hand 11:20, 13:1-3).
Bl 357: Deputate kry opdrag om die prinsipiële riglyne soos neergelê in bl 355-357 as deel van die riglyne soos deur die Sinode van 1988 aanvaar is (Acta 1988, Bl 366-377) in ‘n brosjure saam te stel en aan kerke te stuur.
Bl 357: Nuwe sendingdeputate moet die sinode oor sending en kerke adviseer en ook oor alle sendingeiendomme van die GKSA aan die Administratiewe Buro advies gee. Ook op versoek ‘n veteenwoordiger(s) in die beheerraad van ‘n Bybelskool te benoem. Ook om toe te sien dat die publikasie oor 75 jaar se sendingwerk in Soutpansberg voltooi word en uit te gee. Ook om ds H A Louw te versoek om verdere navorsing te doen oor die sendingwerk van die GKSA en die resultate soos in die verlede te laat verwerk en te publiseer.
Bl 530: Die Sinode neem kennis van die oprigting van die Heidelberg Theological Seminary deur die Sinode Soutpansberg en spreek die hoop uit dat hierdie stap die Sinode Soutpansberg nie sal vervreem van die ander kerke in die Gereformeerde kerkverband en ook van die Gereformeerde teologie nie, maar kan nie toesig hou of doseer- en finansiële hulp gee nie.
Bl 763 ev: Die Sinode besluit dat met die opleiding van predikante aan die Hammanskraalse Teologiese Skool voortgegaan word solank die besondere behoeftes (soos gelys op bl 762 ev) nog voortbestaan, maar dan as ‘n Teologiese Skool van al die kerke in die kerkverband waar al die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika volledig by alle aspekte van die opleiding betrokke is en medeverantwoordelikheid neem. Sinodes Middellande, Soutpansberg en Suidland word versoek om medeverantwoordelikheid te aanvaar. Deputate word benoem (die Kuratore van die HTS en TSP) om dit uit te pluis.
Bl 784: Die Kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom kry opdrag om indringend aandag aan al die aspekte van die kontraktuele verband tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die PU vir CHO te gee t o v die selfstandigheid van die inrigtings, die situasie rondom Bybelkunde en die leerplan vir propedeutiese studie (vgl motivering op bl 784 ev).

Sinode 1994

Bl 267 ev: Die navorsingsmateriaal deur ds H A Louw moet afgerond en in die argief bewaar word. Prof B Spoelstra word gevra om uit eie navorsing en ander navorsingsmateriaal ‘n publikasie oor die sendinggeskiedenis te laat verskyn wat geskiedenis-wetenskaplik verantwoord is. Dokumentasie oor Soutpansberg oor die jare 1960-1990 word van die Christelijke Gereformeerde Kerk verkry sodat die navorsing afgehandel kan word. Die CJBF word gevra om die publikasie uit te gee.

Bl 268: Die te benoeme deputate kry opdrag om kerke, die sinode en ook aan die Administratiewe Buro oor alle sendingeiendomme van die GKSA advies te gee. Ook om op versoek ‘n verteenwoordiger/s in die beheerraad van ‘n Bybelskool, ‘n trustee vir die Dekartrust te benoem.

Sinode 1997

Bl 371 ev: Die volgende is van belang om kennis van te neem:

- Die publikasie deur prof B Spoelstra, *Gesamentlike Sendinggeskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (1995?) wat deur CJBF uitgegee sal word..
- In 1993 is ‘n brosjure uitgegee met as titel *Wat, waarheen en hoe? – Prinsipiële Riglyne vir Sendingswerk* van 1993. Kerke moet op hierdie publikasie gewys word.
- Die voorstel om ‘n sendingsblad te publiseer, word afgekeur. Wel moet gereelde artikels oor gemeentes se sendingwerk in Die Kerkblad geplaas word.

Die sinode gee gevolg aan die volgende beskrywingspunt (bl 376 en 448): “Die Gereformeerde Kerk moet evangelisering ‘n baie hoë prioriteit gee.” Kortliks behels die beskrywingspunt die volgende:

- Plaaslike kerke moet meer doelgerig by evangelisering betrokke wees – plaaslik en wêreldwyd. Evangelisering as sulks is uiteraard primêr die taak van die plaaslike kerk.
- Meerdere vergaderings moet ‘n meer uitgebreide verantwoordelikheid ten opsigte van evangelisering aanvaar en wel as volg:
  - Klassis: Visitatore moet met kerke oor evangelisering praat; kerke moet mekaar onderling opskerp.
  - Sinodes: Deputate moet ‘n visie vir die GKSA insake wêreldevangelisering ontwikkel, ook ‘n metode op plaaslike vlak ontwikkel vir die opleiding van teologiese studente, predikante en ander vir evangelisering. Moet meer aktief aan kerke voorligting gee oor die behoeftes aan evangelisering. Sendingaksies help koördineer. Databasis opbou en instandhou oor evangeliseringaksies in SA en wêreldwyd. Aktiewe samewerking soek met ander kerkgroepe en organisasies vir sending en evangelisasie. Oproepe doen tot gebed vir sendingaksies aan die kerkverband.

Bl 379, Artikel 4.1.6: “Daar word nie weer Sendingdeputate benoem nie.”

Sinode 2000

‘n Beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal oor sendingsamewerking tussen die GKSA en buitelandse kerke (Artikel 15.4, bl 252 ev) word goedgekeur. Dit sluit in:

- Afvaardiging na sendingkonferensies
- Advies aan plaaslike en buitelandse kerke wat sendingsamewerkingprojekte oorweeg.
- Behou kontak met kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan ten opsigte van sake waar sendingsamewekring nodig is.
- Besin of ‘n dokument wat riglyne gee vir samewerkingooreenkomste met buitelandse kerke nie noodsaaklik geword het nie.

Die sinode wys ervare sendelinge aan om deel van die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede vir hierdie doel te vorm. Die mandaat van hierdie deputate is om alle sake oor sendingsamewerking tussen die GKSA en buitelandse sake te hanteer, in samewerking met die Deputate Korresponderende Buitelandse Kerke.

Van belang om van kennis te neem, is ‘n verslag van Deputate vir Evangeliseringsmedia vir die opstel en uitgee van toepaslike media (Artikel 23.3). Ook van belang is die rapport van die Deputate vir die Bewaring en Vermeerdering van die Kerk (par 24.4) wat ‘n kort uiteensetting oor sending gee: Bybelse perspektiewe vir ‘n Gereformeerde kerklike praktyk -2.3.4 vanaf bl 504). Kyk ook na die verskillende evangeliseringsmodelle (bl 513 ev)

Sinode 2003

Geen besluite van enige aard oor sending is op hierdie sinode geneem nie. Wel is (soos op verskeie sinodes) oor evangelisering gepraat, spesifiek oor die Evangelisasiemediafonds.

Sinode 2006

Geen besluite van enige aard oor sending is op hierdie sinode geneem nie. Wel is (soos op verskeie sinodes) oor evangelisering gepraat (bl 765 ev), hier spesifiek oor die Evangelisasiemediafonds met die doel “om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel volgens evangelisasie-, apologetiese en toerustingbehoeftes van die kerke”.

Sinode 2009

Geen besluite oor sending of oor evangelisasie is op hierdie sinode geneem nie. Die Deputate Ekumeniese Betrekkinge gee wel ‘n uiteensetting oor wat die Christelike Gereformeerde Kerke vanuit Nederland alles in Suid-Afrika op die gebied van sending doen in KwaNdebele (Mpumalanga) en Limpopo, en wat die Nederlands Gereformeerde Kerke vanuit Nederland in KwaZulu-Natal doen.

Sinode van 2012

Bl 514 ev: Die sinode van 1997 het besluit om nie weer sendingdeputate aan te wys nie. Nou stel die Streeksinode Pretoria die volgende voor: “Die Algemene Sinode stel ‘n sendingorde vas in sover algemene bepalings daarvoor nodig is (vgl Acta 1964, bl 62, KO Artikel 52). En die sinode stel sendingdeputate aan om aan die hand van die Sendingorde wat in 1967 deur die sinode goedgekeur is (Acta 1967, bl 240 ev) ‘n geaktualiseerde sendingorde voor te berei wat deur die sinode van 2015 goedgekeur kan word.”
‘n Aantal motiverings word vir hierdie voorstel aangevoer, waarvan die belangrikste (2.3.5) is om te help toesien “dat die sendingopdrag van onse Here Jesus Christus gehoorsaam en sinvol uitgevoer word.”
Die beskrywingspunt se aanbevelings word deur die Sinode goedgekeur. Die Deputate Finansies begroot R10 000 vir sendingkoördinering.

Sinode 2015

Bl 483: Rapport van die Sendingdeputate. Op voorstel van die sendingdeputate besluit die sinode om nie voort te gaan om ‘n sendingorde op te stel nie. Die deputate voer aan dat dit in stryd is met KO Artikel 30 en 46. Die sinode van 1979 het om prinsipiële redes afstand gedoen van ‘n sendingorde, want dit hoort

by plaaslike kerke en/of kombinasies wat kerke kan aangaan. Wel moet begin word met die opstel van ‘n sendingdatabasis om koördinering te vergemaklik (kyk www.missionnet.co.za). Deputate word weer aangewys met die opdrag soos per die handelinge van die Sinode van 2012 (bl 514-515.

Sinode 2018

Bl 1007 ev: Soos op die 2015-sinode besluit, lê die Sendingsdeputate ‘n sendingorde voor. Hierdie orde bevat onder meer die volgende:
4.10.1 Die Algemene Sinode stel vyf deputate en twee adviseurs aan.
4.10.2 Die Sendingdeputate koördineer alle sendingwerk binne die GKSA om onnodige duplisering te voorkom, en om in samewerking met die Deputate vir Ekumeniese Sake met ander kerkverbande oor sendingwerk te skakel.
4.10.3 ‘n Sendingkantoor te vestig en in stand te hou. Doel van die kantoor is om aan kerke inligting oor sendingwerk te gee en om die Sendingdeputate met hul mandaat te help.
4.10.4 Stel inligtingsmateriaal beskikbaar en bring in hierdie verband ‘n databasis op die been (saam met Expando).
4.10.5 Gee advies insake opleiding van sendelinge en sendingwerkers (saam met Expando).
4.10.6 Reël gereelde kursusse en sendingkonferensies (saam met Expando).

Die sinode besluit ook:

- Dat die sendingorde verfyn moet word. Die doel van die sendingorde moet duidelik omskryf word en as ‘n inleidende artikel bykom.
- Die begrip “sendingwerkers” moet gedefinieer word
- Vorige sinodes se besluite oor sending moet as as bylae by die sendingorde bykom.

Opgestel deur br. Rob van der Kooy, 8 Januarie 2019